

MURRAYSBURGER



Die Geheim is uit!

Jul 2016
No 62

Gaan na: www.murraysburg.co.za

Die Murraysburger is 'n gratis
gemeenskapsnuusbrief wat net op die webwerf
beskikbaar is.

Kontak besonderhede op Bl. 2



Winter in die Karoo - Brandkraal



BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135

SMS: 072 388 9284

EPOS: renetheron@mweb.co.za

POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.

Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.

Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.

The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

Van die Redaksie:Net soos mens begin dink die lewe in Murraysburg raak effens vervelig, pluk iemand weer eens 'n haas uit die hoed en vergas ons met nog 'n onvergeetlike ervaring. Hierdie keer was dit die beurt van die Troskies van Qwaggasfontein met 'n huiskonsert as deel van Theresa se sestigste verjaardagsviering. Die skoonheid van 'n klassieke wintersdag is aangevul met die skoonheid van klassieke musiek in egte kamerkonsertformaat. Maar lees self verder.....

Klassieke sestigste verjaarsdagviering



Theresa Troskie, eggenote van Anthonie Troskie van Quaggasfontein het die afgelope Saterdag in samewerking met haar vriendin, Adeleen Nel, haar sestigste verjaarsdag met 'n klassieke huiskonsert gevier.

Met niks wat die aandag kon aflei nie het die helder, stil wintersdag die regte atmosfeer vir die musiek geskep. Met Adeleen se meesterlike begeleiding het die kwartet bestaande uit Hanfi Neuhoff, Mila Venter, Suegnet Vosloo en René Lötter met hulle dikwels vierstemmige sang die gehoor meegevoer. Met toe oë kon jy maklik 'n eeu of twee terugskuif in tyd en meen dat jy jou in 'n Weense salon bevind. Charl du Toit, bekende violis van Nieu-Bethesda, het verdere luister aan die program verleen. Die sang is afgewissel met

klavierduette en een van die hoogtepunte was beslis die seshandige vertolking van Wilhelm Ganz se Qui Vive deur Hanfi Neuhoff, Mila Venter en Adeleen Nel.

Die musiekgedeelte van die verjaarsdagviering is afgesluit deur 'n kort, maar tintelende klavierprogram deur Theresa se suster, Erna Rademan, wat Sondag ook met haar vaardigheid en passie 'n onvergeetlike bydrae op die orrel tot die NG-kerk se oggenddiens gelewer het.

Die baie gaste het Theresa se keurige ete baie geniet. Sy was nie om dowe neutte een van Leserskring se top tien kokke nie! Wat egter die meeste getref het, was die sorg en gasvryheid waarmee die Troskie-egpaar en hulle kinders dié geleentheid spesiaal vir hulle gaste gemaak het, terwyl dit eintlik tog om Theresa moes gegaan het.



Mag hierdie warm belewenis in die koue Sneeuberge kenmerkend wees van Theresa Troskie se volgende lewensjare!

Murraysburg verslae



Die gemeenskap van Murraysburg is verslae na die skielike heengaan van Elsie Helena Smuts, liefdevol alom bekend as tannie Elsie. Sy is op 1 Junie in die hospitaal in P.E. waarheen haar getroue eggenoot van 63 jaar, oom Oscar, haar nog geneem het, oorlede. Gelukkig het 'n lang lyding haar gespaar gebly, maar dit maak die verlies vir haar dierbares, vriende en die Murraysburggemeenskap nie minder pynlik nie.

Elsie Helena Smuts is op 22 Desember 1932 gebore en was die enigste kind van Willem Aaron Theron en Frances Weyers van Kareebosch. Sy het haar skoolopleiding op Murraysburg begin, maar aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad gematrikuleer. Op tienjarige ouderdom verloor die jong Elsie haar pa, wat ten spyte van haar mooi verhouding met haar moeder 'n groot leemte gelaat het.

Sy het na matriek B.Comm aan die Universiteit van Kaapstad studeer en is op 28 November 1952 met Oscar Smuts getroud. Sy het hom in alles ondersteun en saam het hulle baie suksesvol geboer en steunpilare in die gemeenskap geword. Uit die huwelik is vier kinders, Nico, Frances, Willem en Theresa gebore. Haar kinders was vir Elsie alles, maar sy moes die tragiese vroeë dood van Frances verwerk en was met die troue hulp van Martha Booyse soos 'n tweede ma vir Frances se seuntjies, Craig en Ryan.

Daar is geen onderskeid tussen die elf klein- en agt agterkleinkinders gemaak nie. Met elke een het Elsie 'n baie persoonlike en besondere verhouding gehad, met genoeg ruimte sodat elkeen volgens sy aard kon groei en ontwikkel. Sy het nie net 'n hegte band met haar nakomelinge gehad nie, maar alle familie was vir haar spesiaal en is getroetel. Aldus skoondogter Carisa, was Ma Els die magneet, wat die familie na mekaar toe aangetrek en bymekaar gehou het.

Lewensvreugde, avontuurlus, vriendelikheid, positiewe denke en omgee vir ander is alles sinonieme vir Elsie Smuts. Sy wat verlies en verskeie groot gesondheidsuitdagings geken het, het haar nooit laat onderkry en nooit gekla nie. Inteendeel, sy het gedurig nuwe uitdagings aangegryp en haar kinders en kleinkinders aangemoedig om groot te droom en die drome waar te maak.

Afgesien van haar liefde vir haar familie en vriende was Elsie Smuts baie geheg aan haar troeteldiere en het tuinmaak, plante en blomme haar baie plesier verskaf. So ook die uittoets van nuwe resepte, brei en kunsnaaldwerk. Sy was besonder weetgierig en het boeke, tydskrifte en koerante letterlik verslind. Kom sy êrens 'n woord of uitdrukking teë, wat sy nie heeltemal verstaan nie, het sy nie gerus voordat sy dit deeglik nagevors het nie.

Daar is te veel vir die beskikbare ruimte oor Elsie Smuts te sê, maar haar deernis vir haar medemens moet vermeld word. Sy was altyd bereid om te help en menige vergetene in die ouetehuis kan van haar getroue kuiertjies en ondersteuning getuig.

Sy het baie belang gestel in geskiedenis en het so ver enigsins moontlik altyd op hoogte van die nuutste nuusgebeure wêreldwyd gebly. Elsie Smuts was 'n lojale Murraysburger in murg en been. Deur die jare het sy dan ook die plaaslike NG-gemeente, VLV, Tuinbouklub, Lappiesklub en Boekklub getrou ondersteun, dikwels in leiersposisies. Kort voor haar oorlye het sy tydens haar boekklubbeurt o.a. die opspraakwekkende briefroman *Vlam in die sneeu* van André P.Brink en Ingrid Jonker laat bespreek.

Elsie Helena Smuts was met haar hele menswees vir baie in die gemeenskap 'n rolmodel en die leemte, wat sy laat, sal nie sommer gevul kan word nie. Haar onwrikbare geloof dat 'n mens enige iets kan doen as jy net eers begin het, het baie inspireer en sal nog vir baie as inspirasie dien.

Die Murraysburggemeenskap voel saam met oom Oscar en die familie hierdie groot verlies, maar is ontenseglik verryk deur die lewe van Elsie Smuts.

Amper Totsiens



Ons kan seker nou maar die spreekwoordelike aap uit die mou laat. Die ware ruggraat van ons “*Murraysburger*” was toe maar al die tyd net Mette Kromhout. Sy het elke maand met getroue reëlmaat gesorg dat daar genoeg artikels is om die *Murraysburger* se bladsye te vul met interessante nuusbrokkies. Ons gaan haar vir seker baie, baie mis. Mette en Chris gaan eersdaags die rus en stilte van die Karoo vir Pretoria se Jakarandas verruil. Die Kromhouts boer nou al vir sowat 16 jaar lank op die plaas

Middelkop en alhoewel hulle nie gebore *Murraysburgers* is nie, het hulle beslis in dié relatief kort tyd in almal se harte gekruip en ware *Murraysburgers* geword en hulle vertrek sal ‘n groot leemte laat by ieder en elkeen in die distrik. Om nie te praat van die dorpsjapies wat kan getuig van die heerlikste middagetes by Middelkop se opstal nie!. Die Kromhouts het al ‘n paar keer moes deurloop onder misdaad, die laaste waarvan geweldig, maar hierdie dinge het hulle nie ondergekry nie en het hulle elke keer net sterker en meer vasberade anderkant uitgekom. Nie een van ons is egter bestand teen die genadelose aanslag van Vader Tyd nie en so kom die tyd wanneer die fisiese uitdagings van die plaaslewe bietjie te veel raak vir stywe litte, veral in die winter!

Mette en Chris, ons wens julle alles van die allerbeste toe. Ons gaan julle mis en onthou, ons deure en harte staan oop vir wanneer julle wil kom kuier.

Murraysburg Presteerders



Sina de Wee, bekende digter van Murraysburg, het onlangs (26-28 Mei) by die Richmond Boekefees opgetree. Haar digkuns het belangstelling ontlok nadat voorbeelde daarvan op LitNet verskyn het, en sy is derhalwe deur organiseerder Darryl David genooi om oor haar lewe en werk te gesels. De Wee is aan die gehoor voorgestel deur Jaco Kruger van Noordwes-Universiteit. Sy het die gehoor in die palm van haar hand gehad met haar gebruiklike morele teregrywings en politieke kritiek, aangebied in poëtiese vorm met passie, humor en wysheid! Sy verskyn op die foto saam met Kruger voor die Richmond Biblioteek waar die Boekefees jaarliks plaasvind.

~ Jaco Kruger ~

Murraysburg se polisie verdien 'n pluimpie

Ten spyte van baie kritiek wat hulle moet verduur, het Murraysburg se polisie op Sondag 19 Junie gewys dat hulle effektief en doelgerig kan optree.

Hulle het daarin geslaag om binne ses ure die drie persone, wat vir die gewapende roof op Middelkop, 5 km buite Murraysburg op die Aberdeen-pad, verantwoordelik was, vas te trek.

Daar kan nie persone uitgesonder word nie. Van die persoon aan diens, wat die verklaring van die slagoffers afgeneem het, tot diegene wat patrolliewerk doen, het elkeen flink sy deel bygedra. Aangesien baie kontant in groot note gebuit is, is daar by die drinkplekke opgelet na persone wat hier teen die einde van die maand met R200-note betaal en meer as gewoonlik drank koop. So is die leier van die groep dan ook vasgetrek. Sy manlike medepligtige is gou daarna in hegtenis geneem, terwyl die jong vrou, wat hulle daadwerklik bygestaan het, kort voor twaalf op Middelkop vasgetrek is. Sy was vas aan die slaap in die veld nadat sy nie tot by haar huis kon wag om die gebuite drank te toets nie. Verskeie van die geroofde items is daar versprei in die veld gevind.

Die forensiese deskundige van Graaff-Reinet was vinnig op die toneel en hy en sy kollega het die huis en buite waar die aanval op die manlike slagoffer gedoen is, sistematies en deeglik vir moontlike bewyse gefynkam. Versterkings van Beaufort-Wes was ook gou op die toneel en het die slagoffers bygestaan.

Aangesien die verdagtes baie onlangs op parool vrygelaat is, moet daar egter ernstig na die rehabiliteringsprogramme in ons tronke gekyk word. Die optrede van die verdagtes is deur besondere aggressie gekenmerk en daar word gewonder of dwelms nie ter sake was nie.

Nie net die polisie moet geloof word nie. Alle persone in die vroeë oggendure van Maandag 20 Junie aan diens by die plaaslike hospitaal het met die nodige kundigheid maar ook deernis teenoor die twee slagoffers opgetree. Vir die jong dokter was dit vanselfsprekend dat sy in die middel van die nag geroep word en het sy haar bekwaam van haar taak gekwyt.

Die polisie en verpleegpersoneel van Murraysburg, wat Sondag, 19 Junie, aan diens was, moet werklik gekomplimenteer word!

70 JAAR GELEDE

Kruidfontein: Drie skape op 'n morg besproeide Karooveld.

Besproei jou Karooveld en verhoog die veld se drakrag dramaties van een skaap op 2½ morg tot drie skape op 'n morg (1 morg = 0,85 hektaar).

Dit is wat mnr. C.T. (Carel) Herholdt binne 10 jaar vermag het nadat hy die plaas Kruidfontein by Murraysburg in 1937 gekoop en waarskynlik die grootste veldbewaringsprojek tot in daardie stadium deur 'n private boer in Suid-Afrika aangepak het.

Voorheen was die plaas vir byna 40 jaar verhuur. In dié tyd is nie veel aandag aan veldbewaring en -verbetering bestee nie.

Mnr. Herholdt het besef Kruidfontein, sowat 50 km wes van Murraysburg, hou groot moontlikhede in – mits hy omsien na die veld en gronderosie stuit.

Met die Buffelsrivier wat deur die plaas loop, het hy besluit om sowat 2 500 morg (2 100 ha) veld wat 'n geleidelike val het, met water uit die rivier te besproei.

Oor dié onderneming van hom word vertel in 'n artikel in die tydskrif *Die Landbouweekblad* van 14 Augustus 1946.

Mnr. Herholdt se plan was om 'n keerwal in die rivier te bou wat 'n deel van die vloedwater in 'n kanaal kan stoot. Om 'n groot deel van die plaas met die water uit die kanaal te besproei, sou betreklik maklik wees.

'n Ingenieur van die Departement van Besproeiing het die plaas besoek, maar die plan as onprakties afgemaak.

'n Sekere mnr. Treurnicht, wat nie as ingenieur opgelei was nie, was egter oortuig dat mnr. Herholdt se plan kan werk. Hy het 'n ruwe skets van die beoogde vloedbesproeiingstelsel op 'n stuk bruin papier gemaak. Daarmee het mnr. Herholdt die reuse-taak in Julie 1942 aangepak.

Dit was midde-in die Tweede Wêreldoorlog en die bouwerk het meer as twee jaar geduur. Die werkmag het bestaan uit veertig plaaslike werkers en dertig Italiaanse krygsgevangenes wat in Suid-Afrika aangehou was.

Spoorstawe is gelê vir koekepanne om baie tonne klippe en grond mee aan te ry na die bouterrein. Omdat die rivier meestal droog is, is water aangery vir

die sementwerk. Meer as 4 000 sakke sement is gebruik.

Die damwal – 180 voet (60 meter) lank en 30 voet (10 meter) hoog – is in Oktober 1944 voltooi. Die totale koste was meer as £5 000.

Binne twee jaar het die besproeide veld verstommend verbeter teenoor aanliggende veld wat nie besproei is nie. Op die onbesproeide veld kon mnr. Herholdt 40 skape op 100 morg aanhou, terwyl die besproeide veld 300 skape op 100 morg kon dra.

Saam met die water is aansienlike hoeveelhede vrugbare slik in die veld neergelaat. Die baie

grond wat deur die rivier weggevoer word, het ook die uitkeerwal vinnig opgeslik.

Binne twee jaar was nog net agt voet (minder as twee meter) van die keerwal aan sy binnekant sigbaar. Die toespoel van die wal het egter nie verhinder dat die water genoeg opdam om in die besproeiingskanaal op te stoot nie.

Mnr. Herholdt het die projek self betaal en geen subsidie van die staat ontvang nie. 'n Boer laer af langs die rivier het wel aan hom 'n tjek vir £100 pond gegee vir die voordeel wat hy kry omdat die besproeiingswater wat Kruidfontein verlaat, ook oor sy plaas loop.

~ Izak Malherbe ~

31 JAAR GELEDE

Dus

Nog 'n styging moontlik

SKOKGOLWE het gister deur Suid-Afrika getrek ná die skerp styging van 39 persent in die brandstofprys, terwyl daar die sombere vooruitsig is van 'n verdere verhoging later vanjaar as die rand se waarde aanhou daal.

Só raak dit u motor



Bedrag wat per tenk meer betaal sal moet word

Tenk van 55 liter		Tenk van 65 liter		Tenk van 90 liter	
98	93	98	93	98	93
R14,90	R13,75	R17,61	R16,25	R24,39	R22,50

'n Rimpeluitwerking wat vervoerkoste die hoogte sal laat ingaan, 'n reeks ingrypende prysstygings gaan meebring en die knellende ekonomiese toestand verder sal vererger, is Suid-Afrika se voorland ná gister se aankondiging.

Die land se miljoene motorryers sal die kwaaieste spit afbyt deurdat hulle tussen 23,4 en 27,1 sent per liter meer vir petrol sal betaal. Die verhogings het gisteraand om midnag in werking getree.

Terwyl motorryers vulstasies van gistermiddag af begin toesak het om vir oulaas teen die ou prys vol te maak, het reaksie op die verhoging ingestroom. Skok en teleurstelling oor die omvang van die verhoging is uitgespreek deur ekonome verbruikersliggame, die georganiseerde handel en nywerheid en opposisie-partye.

Een van die nadeligste gevolge van die verhoging is 'n styging van 2 persent in die inflasiekoers wat allerweë vermag word.

Nuwe pryse lyk só

Petrol:	verhoging per liter	nuwe prys per liter
98-oktaan (net aan die kus).....	27,1 c	84,9 c
93-oktaan (aan kus).....	25 c	81,4 c
93-oktaan (binnenslands).....	25,0 c	88,5 c
87-oktaan (net binnenslands).....	23,4 c	
Diesel:		
Vir landbou- en ander nie-padgebruikers.....	12	
Vir groothandelpadgebruikers.....	20 c	
Pomppryse.....	25,3 c	
Lampolie	5 c	
Kragparaffien	19,3	
Stralerbrandstof	17,8 c	

Hoofsaak

Die prysstyging, een van die grootstes in die land se geskiedenis, is gistermiddag in Kaapstad op 'n nuuskonferensie aangekondig deur mnr. Danie Steyn, Minister van Minerale- en Energiesake.

Hy het die moontlikheid van 'n verdere styging in Junie vanjaar in die vooruitsig gestel as die waarde van die rand teenoor die dollar aanhou daal, soos wat in die laaste tyd gebeur het.

Tensy die wisselkoers, die hoofsaak van gister se prysverhoging, in die tydperk van nou tot Junie verbeter, sal die brandstofprys noodwendig in heroerwering geneem moet word. Dan kan die prys einde Junie met 'n verdere 4 sent per liter styg, het hy gesê.

Gister se prysverhoging is...

.... en steeds 31 jaar gelede

Is dit nie 'n goedversorgde brief nie? Toe was Afrikaans nog Afrikaans. Mooi gepraat en mooi geskryf. Dit was voor die SAUK se naam verander het na die SANC en miskien moes ons maar slapende honde ongesteurd gelaat het en TV uit die karoo gehou het. *(Die redaksie vra verskoning vir enige drukfoute wat per ongeluk in hierdie berig mag ingesluip het. Die drukkersduiwel is maar steeds loslopend, selfs in ons tegnologies gevorderde tye)*

SAUK

HOOFKANTOOR

SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

UITSAAISENTRUM HENLEYWEG TELEGRAMME EN KABELS "UITSAAI" JOHANNESBURG TELEKS 4.24116 SA
POSBUS 8606 JOHANNESBURG 2000 TELEFOON (011) 714-9111

JHB/hs

31 Desember 1985

Die Ere-Sekretaris
Sentrale Karoo-Ontwikkelingsvereniging
Privaatsak 582
BEAUFORT-WES
6970

Geagte heer,

U brief van 20 Desember aan die Direkteur-generaal is ontvang en ons let op die inhoud waarop ons graag die volgende kommentaar lewer:

Die SAUK het uiteraard begrip vir die ongerief wat diegene ondervind wat nog wag vir TV- en of radiodekking maar kan helaas nie almal met eens daarmee bedien nie. Ekonomiese omstandighede en bevolkingsdigtheid speel die belangrikste rol in die bepaling wanneer en waar ons ons dienste kan uitbrei. Die gebruikelike wêreldwye beginsel geld hier ook dat die digbevolkte dele van die land eers voorsien word en dan stelselmatig uitbrei na die minder digbevolkte dele. Ons omskryf die begrip "bevolkingsdigtheid" as daardie aantal mense wat deur een sendstasie bedien kan word. 'n Sendstasie soos die een in Johannesburg bedien meer as 2 miljoen mense wat dit dus bo-aan die voorkeurlys plaas, want om soveel mense met een stasie te kan bedien is ekonomies doeltreffend.

In die plattelandse gebied is die bevolking yler verspreid oor wye gebiede waar meer stasies nodig sal wees om die klein getal mense te kan bedien. Dit duur derhalwe langer voordat dié dele voorsien kan word.

Terwyl ons die taak het om TV2, TV3 (TV4) uit te brei, het ons nog steeds ook die verpligting om TV1 se sendernet te besorg waar dit nog nie bestaan nie. Tans is ons in die stadium waar ons omsien na die belange van die verafgeleë plekke in die platteland en om ons instaat te stel om TV1 daar te kan uitsaai, sal ons hopelik ter geleëner tyd gebruik kan maak van 'n INTELSAT - satelliet om die TV1-programme oor die hele Suid-Afrika te versprei. 'n Gewone aardsender sal hiervoor gebruik word sodat kykers nie spesiale apparaat hoef te gebruik nie.

Ons kan helaas nie 'n aanduiding gee wanneer 'n TV2 (TV4)-sendstasie deur die SAUK opgerig kan word om u omgewing te bedien nie, maar wil u terselfdertyd verseker dat ons alles in ons vermoë doen om die algehele dekking van die land so gou as moontlik te probeer bewerkstellig.

Die uwe,


J.H. Buys,
HOOF: INTERNE KOMMUNIKASIE, PROMOSIES
EN PUBLISITEIT

~ Uit Paul Avenant se argiewe ~

- Agterbladnuus -

Die DA se besoek aan Murraysburg

Helen Zille se onverwagse besoek aan Murraysburg twee weke gelede het die dorp behoorlik aan die gons gehad. Onbevestigde gerugte doen nou die rondte dat oom Izak van der Merwe dalk die aanstelling sal kry as hoof van sekuriteit. Gerugte wat dalk nie so ongegrond blyk te wees nie aangesien dit lyk of Izak alreeds hier by die Kweperlaan se ingang sy nuwe pligte in-oefen!



...en me Zille die Kweperlaan se sitkamer toets as haar nuwe hoofkantoor in die Sentraal Karoo

Ruimtenuus

Wat kón gebeur het as die eeste mens op die maan 'n vrou-ruimtevaarder was?!

